




## Laai en aflaai van gevaaalike materiale

September 2015



'n Spoorwegtenkwa met metiel merkaptan, 'n giftige vlambare gas (kookpunt 6 °C), was besig om af te laai. Daar was ook ander spoorwegtenkers in die area met metiel merkaptan en chloor gereed vir aflaai. Tydens die aflaiproses het 'n geskroefde deel van die aflaaiypyp by die uitlaatklep gefaal waar die pypgrootte verminder van twee duim na een duim. 'n Wolk van metiel merkaptan is vrygelaat. Dit het vlamgevat net na die brandweer opgedaag het en 'n brandende bal veroorsaak wat 60 meter hoog was. Die aflaaiyppe en 'n spoorwegtenker met chloor is ernstig beskadig. Twee werkers is dood na blootstelling aan die giftige metiel metkaptan gas, en 'n derde dood as gevolg van brandwonde en giftige gas. Ongeveer 2000 mense in die omgewing is verwyder na veiligheid. Uiteindelik is die totale inhoud van die metiel metkaptan spoorwegwa vrygelaat (ongeveer 70 ton) sowel as 10 ton chloor uit die beskadigde chloortenker. (Fig 1) Albei spoorwegtenkers was toegerus met hoë-vloeikleppe (Excess flow valves) maar die kleppe het nie toegemaak nie, waarskynlik omdat die vloeい deur die lekke nie groot genoeg was nie. Dit blyk dat die konneksie wat gefaal het ernstig gekorroeerd was aan die binnekant. Die aflaaiyppe wat ongeveer 50 kg weeg het geen pypstutte gehad nie en die hele gewig het aan die tenker konneksie gehang. Skroefkonneksies is ook nie so sterk soos gesweisde of flens tipe konneksies nie.

### Het jy geweet?

- Laai en aflaai mag eenvoudig klink – pomp van vloeistowwe – maar aflaai aktiwiteite is van die grootste bydraers tot proses veiligheids risikos. Hoewel die laaiproses eenvoudig is, is daar gewoonlik groot volumes betrokke. Die gevolge van 'n lek kan dus ernstig wees.
- Mens kan nie staatmaak op hoë-vloeikleppe (Excess flow valves) op 'n spoorwegtenker of vragmotor om die vloeい te stop nie. Die kleppe is ontwerp om af te sluit in geval van katastrofiese faling van die aflaaiypyp en sal net toemaak as die vloeい hoér is as die gestelde vloeい van die hoë-vloeikleppe. In geval van 'n kleiner lek op die aflaaiyppe of kleiner pype wat breek is die vloeい nie hoog genoeg om die hoë-vloeikleppe te aktiveer en toe te maak nie.

### Wat kan jy doen?

- Inspekteer alle pype en aflaaiyppe voordat jy tenkers af laai. As iets lyk of dit nie in goeie kondisie is nie, vra liever iemand met kennis van pype om dit te inspekteer.
- Maak seker jou aanleg se procedures vir gereelde inspeksie van pype en kleppe by aflaaipunte enveral buigbare aflaaiyppe word nougeset gevolg.
- Inspekteer die pypstutte van die aflaaiyppe. Maak seker daar is voldoende pypstutte sodat die pype se gewig nie aan enkele pypkonneksies hang nie. Pype moet stewig wees om vibrasie en beweging te vermy en om die gewig van die pype te dra. As jy onseker is, vra iemand wat weet om te kom kyk.
- Ondersoek die moontlikheid om afstandbeheerde afsluitkleppe te installeer, al is daar reeds hoë-vloeikleppe. As daar 'n ernstige lek is kan mens nie naby kom om kleppe toe te maak nie, soos in die incident hierbo.
- Oorweeg dit om asemhalingstoerusting of onsnapmaskers te dra tydens laai of aflaai van gasse of lae-kookpunt vloeistowwe wat giftig of versmorend kan wees, soos stikstof.

Reference: Hazardous Materials Accident Report: Hazardous Materials Release From Railroad Tank Car With Subsequent Fire at Riverview, Michigan July 14, 2001, NTSB/HZM-02/01, US National Transportation Safety Board, Washington DC, June 26, 2002.

## Prosesveiligheid is belangrik tydens laai en aflaai!

©AIChE 2015. All rights reserved. Reproduction for non-commercial, educational purposes is encouraged. However, reproduction for any commercial purpose without express written consent of AIChE is strictly prohibited. Contact us at [ccps\\_beacon@aiche.org](mailto:ccps_beacon@aiche.org) or 646-495-1371.